WAT IS 'N CD4-TOETS?

Gaan jou gesondheid na met 'n CD4-toets

As jy MIV het, behoort jy 'n gereelde CD4-toets laat doen.
Hierdie pamflet verduidelik hoekom.

afrikaans

TAC TREATMENT ACTION CAMPAIGN | treat 200 000 by 2006

Thabisile Dlamini

"Ons liggame het 'n immuniteitstelsel wat teen siektes veg. Cd4-selle is deel van die immuniteitstelsel. Sonder hulle kan jou liggaam nie siektes behoorlik beveg nie. MIV val CD4-selle aan. Dit is hoekom mense met MIV gereeld moet meet hoeveel CD4-selle hulle het. Dit word deur 'n CD4-toets gedoen. Deur jou CD4-selle te meet, kan jy jou gesondheid monitor."

ANTIRETROVIRALE MEDIKASIES HELP OM ONS CD4-TELLINGS NA NORMAAL TE HERSTEL.

Hoe word 'n CD4-toets gedoen?

- Jy kan jou CD4-telling by baie openbare gesondheidsklinieke laat toets.
- 'n Verpleegster of dokter sal bloed by jou trek.
- Die bloed sal na 'n laboratorium toe gestuur word.
- Jy sal die uitslae 'n paar dae later ontvang.
- Die verpleegster of dokter moet vir jou sê wat jou CD4-telling is. Die syfer wat hulle vir jou gee, is die hoeveelheid CD4-selle wat jy per druppel bloed het.

TOETSUITSLAE	
Datum waarop monster geneem is	20 Okt 2005
Datum waarop monster ontvang is	22 Okt 2005
Datum waarop verslag gedoen is oor monster	23 Okt 2005

BESKRYWING	UITSLAG	VERWYSINGSREEKS
CD4 + Limfosiete	328 selle/mL	500-2010

Dit is die aantal CD4-selle wat jy per druppel bloed het. Hierdie persoon het 328 CD4-selle per druppel bloed.

Dit sê vir jou dat 'n gesonde CD4-telling meer as 500 is.

- As jou CD4-telling hoër is as 500, dan is jou immuunstelsel nog gesond.
- As jou CD4-telling laer as 350 is, moet jy die gebruik van antiretrovirale middels met jou dokter of verpleegster bespreek.
- As jou CD4-telling laer is 200 is, behoort jy antiretrovirale medikasie te neem.

WANNEER DIE MEESTE MENSE MIV OPDOEN, DAAL HULLE CD4-TELLING ELKE JAAR MET TUSSEN 50 EN 100. MAAR DIT KAN BAIE VAN PERSOON TOT PERSOON VERSKIL.

Wees versigtig vir valse bewerings omtrent 'immuunversterkers' wat deur mense aanbeveel word wat geld wil maak uit ongetoetste medikasies.

"Ek is in 2001 positief getoets vir MIV, en het in 2003 siek geword. My CD4-telling was 193. My dokter het aanbeveel dat ek antiretrovirale terapie ontvang. Ek is vandag baie gesond en my CD4-telling het tot 410 verbeter."

Vuyani Jacobs

ANTIRETROVIRALE BEHANDELING VERBETER DIE MEESTE MENSE MET VIGS SE GESONDHEID EN CD4-TELLING.

Beplan vir die lewe. Laat jouself toets. Monitor jou CD4-telling. En kry op die regte tydstip behandeling.

Die naaste kliniek waar jy 'n CD4-toets en behandeling kan kry, is:

Die regering het die teiken gestel om teen Maart 2006 meer as 200 000 mense met MIV te behandel. Jy kan die regering help om dit te bereik deur jou vir MIV te laat toets, en jou vriende en familie aan te moedig om ook getoets te word. As jy van iemand weet wat aan VIGS siek is, kan jy hom of haar help om by 'n kliniek of hospitaal behandeling te kry.

TAC
TREATMENT ACTION CAMPAIGN

afrikaans

GEBRUIK 'N KONDOOM ELKE KEER WANNEER JY SEKS HET.